# Hoofstuk van die dag: Josua 10

*Hy het al die konings en hulle lande in een veldtog oorwin, want die Here die God van Israel het die oorlog vir Israel*

*gevoer. (vers 42)*

Hier sien ons die Aanvoerder van die Here op sy allerbeste!

As ’n mens verby al die ontstellende bloedvergieting kyk (dis ’n onderwerp vir ’n ander dag), sien jy hoe die Here selfs Josua-hulle se fout met die Gibeoniete se verdrag in diens geneem het. Dit het die situasie geskep waarin Josua die hele suidelike deel van die Beloofde Land in een groot veldslag kon verower.

Let op hoe die Here self die stryd gevoer het: Hy het die vyand paniekbevange gemaak (vers 10); Hy het hulle met groot haelstene afgemaai (vers 11); Hy het op Josua se versoek die dag verleng sodat die vyand nie in die nag kon wegglip nie (vers 13).

In hierdie dae van die pandemie is hierdie gebeure ’n wonderlike troos. Waar God optree, gebeur dinge! Nie dat ons armpies gevou kan sit nie. Josua en sy dapper vegters moes hard werk vir die oorwinning, maar uiteindelik is die oorwinning God s’n. Hý is die Here. Ons kan Hom vertrou!


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke

© Bybelkoerant 2018 – 2026